Companies and Intellectual Property Commission

a member of the dti group

# DIE MAATSKAPPYE EN INTELLEKTUELE EIENDOM KOMMISSIE SE HANDLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, (WET 2 VAN 2000)

ISO 9001: 2008 Certified
The dti Campus (Block F - Entfutfukweni), 77 Meintjies Street, Sunnyside, Pretoria I P O Box 429, Pretoria, 0001
Call Centre: 086 100 2472
Email: paia@cipc.co.za Website: www.cipc.co.za

**INHOUDSOPGAWE**:


1. Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet 2 van 2000

2. Beskrywing van Openbare Liggaam
   - Instelling en mandaat
   - Struktuur
   - Funksies
   - Missie en visie

3. Kontakbesonderhede

4. Gids tot Artikel 10

5. Hoe om toegang aan te vra tot 'n rekord wat deur Maatskappye en Intelektuele eindom Komissie i.t.v Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet 2 van 2000, gehou word
   - Rekords gehou deur Maatskappye en Intelektuele eindom Komissie

6. Die Maatskappye en Intelektuele eindom Komissie is 'n Openbare Liggaam wat omskryf word in Artikel 1(b)(ii)
   - Toepaslikheid van artikel 14(e) en (f) van Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet 2 van 2000 tot Maatskappye en Intelektuele eindom Komissie -rekords.

7. Hoe om aan die vorming van beleid deel te neem en dit te beïnvloed, magsuitoefening of die uitvoering van pligte

8. Remedies

**1. DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING (hierna verwys as die Wet ) WET 2 VAN 2000**

Die Wet is in 2000 deur die Parlement goedgekeur en het in 2001 in werking getree. Hierdie wetgewing gee uitvoering aan die reg op toegang tot inligting wat bewaar word deur openbare en private liggame. Die toegang tot inligting wat deur die Staat bewaar word, is 'n grondwetlike reg, soos vervat in artikel 32(1)(b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Die reg op toegang tot inligting wat deur 'n openbare of private liggaam bewaar word, kan egter op 'n geregverdigde en billike manier beperk word, deur 'n wyse wat die reg op inligting in balans bring met ander regte wat ingevolge wetgewing mag bestaan.

Die Wet vereis dat Maatskappye en Intelektuele Eindom Komissie 'n handleiding moet saamstel wat inligting verskaf oor die kategorieë rekords wat hy in sy besit het, asook die proses om toegang tot die inligting te verkry. Hierdie handleiding is saamgestel ingevolge artikel 14 van die Wet om aan die vereiste te voldoen en die proses uiteen te sit wanneer 'n versoek tot toegang tot inligting aan Maatskappye en Intelektuele eindom Komissie gerig word.

**2. BESKRYWING VAN OPENBARE LIGGAAM** Maatskappye en Intelektuele Eindom Komissie


Instelling en mandaat:

Maatskappye en Intelektuele eindom Komissie is gestig as 'n regspersoon om as 'n Staatsorgaan in die openbare administrasie te funksioneer, maar ook as 'n instelling buite die Staatsdiens, soos beskryf in Artikel 185(1) van die Maatskappyewet, 71 van 2008.

Die doelwitte van die Kommissie, wat ook sy mandaat bevat, word uiteengesit in Artikel 186 van die Maatskappyewet, van 2008 en sluit in, maar is nie beperk tot:

- Die effektiewe registrasie en instandhouding van maatskappye,ko-operatiewe en intellektuele eiendomsregte;
- Die bevordering van opleiding en bewusmaking van wette oor ondernemings en intellektuele eiendom;
- Om te verseker dat die Maatskappyewet en ander toepaslike wetgewings nagekom word; en
- Die afdwing en deurdryf van toepaslike wetgewings.

**Struktuur**


Maatskappye en Intelektuele eindom Komissie - Organisasiestruktuur
Kommissaris
Interne Oudit
Bestuur, Risiko en Nakoming
Strategie
Ondernemingsregulering en Reputasiegroep
Innoverings- en Skeppingsgroep
Sake-intelligensie en Stelselsgroep
Korporatiewe-dienste Groep
Finansies en Verkryging
Korporatiewe registers
Toepassing en Nakoming
Opleiding, Beleid en Regs-afdeling
Patente, Ontwerpe en Innovering
Skeppende Nywerhede
Ondernemings-inligtingbestuur en Sekerheid
Inligting en Kommunikasie Tegnologie Dienslewering
Strategie en Argitektuur
Fasiliteite en Sekuriteit
Kliëntbetrokkenheid en Kanaalbestuur
Menslike Hulpbronne

**Funksies van die Kommissie: Volledig uiteengesit in Artikel 187 van die Maatskappyewet, 71 van 2008)**

- Registrasie van maatskappye, ko-operatiewe en intellektuele eiendomsregte (handelsmerke, patente, ontwerpe en kopiereg) en instandhouding daarvan.
- Die openbaarmaking van die inligting in sy ondernemingsregisters op 'n doeltreffende en effektiewe wyse.
- Bevordering van opleiding en bewusmaking van ondernemings- en intellektuele eiendomsreg.
- Die nakoming van toepaslike wetgewing te bevorder. .
- Doeltreffende en effektiewe deurdryf en handhawing van die Maatskappyewet.
- Monitering van die nakoming en oortredings van finansiële verslagdoening standaarde, en aanbevelings daaroor aan die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde
- Lisensiëring van ondernemingssreddingspraktisyns.
- Rapporteer, navorsing doen en advies te gee aan die Minister oor aangeleenthede rakende die nasionale beleid met betrekking tot die maatskappyereg en intellektuele eiendomsreg.
- Voer enige toepaslike funksies uit wat deur wetgewing toevertrou word, ens.

**Die missie en visie van die Maatskappye en Intelektuele eindom Komissie**

Om 'n wêreldklas, betroubare reguleerder te wees van sake-entiteite en intellektuele eiendomsregte en dit so eenvoudig en aantreklik moontlik te maak om in Suid-Afrika sake te doen.

**3. Kontakbesonderhede**

| | |
|---|---|
| Openbare liggaam | Maatskappye en Intellektuele Eiendom Kommissie |
| Inligtingsbeampte | Adv. Rory Voller (Kommissaris) |
| Fisiese adres<br><br>Posadres | Departement Handel en Nywerheid Kampus , (Blok F - Entfutfukweni), 77 Meintjiesstraat, Sunnyside, Pretoria<br><br>Posbus 429. Pretoria |
| Telefoonnommer | 012 394 9973 |
| Faksnommer | 012 3941015 |
| Kliëntediens | 086100 2472 |
| E-pos adres | paia@cipc.co.za |
| Webwerf | www.cipc.co.za |

**Die inligtingsbeampte het die onderstaande persoon na behoreaangewys as Adjunk-Inligtingsbeampte om die Maatsakppye en Intellektuele Eiendom Kommissie so toeganklik as moontlik te maak vir die aanvrae van sy rekords ingevolge die Wet.**

| | |
|---|---|
| Openbare liggaam | Maatskappye en Intellektuele Eiendom Kommissie |
| Adjunk-Inligtingsbeampte | Mev Lucinda Steenkamp<br>Snr Regsadviseur: Regs- en Korporatiewe Afdeling |
| Fisiese adres<br><br>Posadres | Departement Handel en Nywerheid Kampus(Blok F - Entfutfukweni), 77 Meintjiesstraat, Sunnyside, Pretoria<br><br>Posbus 429. Pretoria |
| Kliëntediens | 086100 2472 |
| E-pos adres | paia@cipc.co.za |
| Webwerf | www.cipc.co.za |

## 4. GIDS TOT ARTIKEL 10: HOE OM DIE WET TE GEBRUIK

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie is gestig ingevolge artikel 18(b) van die Grondwet van Suid-Afrika 1996. Dit is die nasionale instelling wat gestig is om die grondwetlike demokrasie te verskans en aangestel is om die Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet 2 van 2000te administreer.

Die Menseregtekommissie moet, ingevolge Artikel 10 van die Wet, 'n gids saamstel wat sodanige inligting bevat wat deur 'n persoon sou benodig word met die uitvoer van sy regte, soos saamgevat in die Wet.

Besoek hul webwerf by https://www.sahrc.org.za indien u meer inligting rakende Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet 2 van 2000 wil hê en/of wil kontak.

## 5. Hoe om toegang tot 'n rekord wat deur i.t.v gehou word, aan te vra

1. Die persoon wat toegang tot inligting vra moet die voorgeskrewe vorm (vorm A hieronder) gebruik om die versoek in te dien.
2. Die versoek moet aan die Adjunk-Inligtingsbeampte per epos, soos hierbo vervat, aangestuur word.
3. Die versoeker moet duidelik aandui watter informasie versoek word.
4. Die aansoeker moet die voorkeurvorm kies (besigtig, bekom 'n kopie, harde kopie (papier) of elektroniese formaat ens.).
5. Rekords wat deur die openbare liggaam bewaar word, kan slegs verskaf word in die taal waarin die rekord gehou word.
6. In die geval dat 'n aansoeker namens 'n ander persoon 'n versoek rig, moet die aansoeker bewys lewer van die hoedanigheid waarin die versoek gerig word
7. Waar toegang tot inligting verleen word, moet die aansoeker 'n *administrasie fooi* betaal vir die kopieering, opsporing en voorbereiding van afskrifte of transkripsie van die dokumente
8. Die Adjunk-Inligtingsbeampte sal die aansoeker binne dertig (30) dae na ontvangs van die versoek in kennis stel van sy/haar besluit om toegang tot die inligting te verleen of te weier. In die geval waar 'n derdeparty betrokke is by die versoek, kan die Adjunk-Inligtingsbeampte die bogenoemde tydperk van dertig dae verleng, maar beperk tot 'n verdere dertig (30) dae, om 'n derde party die kans te gee om vertoë te rig.
9. Aansoekvorms om inligting aan te vra: http://www.cipc.co.za/index.php/Access/companies/
10. Rekords gehou deur Maatskappye en Intelektuele Eindom Komissie:

    a. Die Komissie het die taak om 'n ondernemingsregister op te stel en te onderhou, asook enige ander register soos beoog in die Maatskappyewet, of in enige ander wetgewing wat 'n registerfunksie aan die Kommissie opgedra het. Bykomend tot die instandhouding van sodanige registers, moet die Kommissie die inligting (uitgesonder vertroulike inligting) so effektief en doeltreffend as moontlik aan die publiek en ander staatsorgane beskikbaar stel.

    b. Besoek die Kommissie webwerf: www.cipc.co.za vir meer inligting rakende die kategorieë rekords wat deur gehou word.

**6. Die Komissie is 'n openbare liggaam soos omskryf in artikel 1(b)(ii) van die Wet**

Artikel 14(e) en (f) van die Wet maak voorsiening vir 'n openbare liggaam om inligting rakende die verskillede kategorieë rekords van die liggaam beskikbaar te stel, wat reeds beskikbaar is vir die publiek, sonder dat iemand ingevolge die Wet toegang hoef te versoek.

Die meeste van die inligting wat in die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting gestipuleer word as publieke inligting, is reeds in terme van die Maatskappyewet beskikbaar, en die aansoekproses om die inligting of informasie te bekom, word op die Maatskappye en Intellektuele Eiendom Kommissie se webwerg uiteengesit.

**Toegang tot Die Komissie dienste**:

Besoek ons webwerf: www.cipc.co.za

**7. HOE OM AAN DIE VORMING VAN BELEID DEEL TE NEEM OF DIT TE BEÏNVLOED-**

**i. Formulering van beleid, magsuitoefening of die uitvoering van pligte**

- Openbare werkswinkels;
- Werkswinkels vir belanghebbende forums;
- Besprekings/werkswinkels met regeringsdepartemente;
- Webinars;
- Publikasies op die -webwerf; en
- Saamwerkvennootskappe

**8. REMEDIES**

'n Aansoeker kan by die hof aansoek doen om 'n beslissing van Die Komissie te hersien indien hulle nie tevrede is met die beslissing daarvan soos beoog in artikels 78 - 82 Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting Wet 2 van 2000 nie.